*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/22)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 22 April 2022*

***"Treat all disasters as if they were trivialities but never treat a triviality as if it were a disaster." Quentin Crisp***

**BREë-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING**

CGA het sy BBSEB-sertifisering hernu. Hierdie jaar is 'n groepsbenadering tot die verifiëringsproses gevolg en 'n nuwe CGA-groep BBSEB-sertifikaat is verwerf. Hierdie sertifikaat dek die CGA, River Bioscience, XSIT, CGA Cultivar Company, CRI en die CRT.

As 'n groep het CGA tot 'n vlak 5-gradering op die Landbousektor BBSEB-telkaart verbeter. Hierdie gradering sal van toepassing wees op al die maatskappye wat deur die nuwe sertifikaat gedek word en is tot 30 Maart 2023 geldig. Die nuwe BBSEB-sertifikaat is op die CGA-webwerf beskikbaar.

**DURBAN HAWE TEN VOLLE OPERASIONEEL**

"Die hawe van Durban is nou ten volle in werking" was die boodskap van minister Gordhan (Departement van Openbare Ondernemings (DPE)) na sy besoek aan die vloed-geteisterde stad. Die DPE, Transnet en EThekwini Munisipaliteit moet erkenning kry vir die spoed waarmee hulle die hoof toevoerpad na die houer hawe terminale (Bayheadweg) heropen het, alternatiewe ompaaie moontlik gemaak het omrede die herstelwerk geaffekteer is, en op die uitdagings van die oorstromings gereageer het. Die oorstromings het veroorsaak dat 'n gedeelte van die twee inkomende bane van Bayheadweg (oor 'n kanaal) weggespoel het, terwyl die twee uitgaande bane in terme van hul veiligheid geassesseer is. Die twee uitgaande bane is voor skedule, heropen, sodat verkeer in en uit die hawe kon vloei – onder streng beheerde toestande om veiligheid te verseker en opeenhoping te verminder. Werk aan die inkomende bane vorder goed, en wat voorspel is om 'n paar maande te neem om te bereik, sal nou na verwagting 'n paar weke neem. Terwyl die herstelwerk onderneem is, is alternatiewe roetes deur woongebiede gebruik om te verseker dat brandstof afgelewer word (na aanleiding van paniek aankope in KZN ná gerugte van brandstoftekorte), asook ander noodsaaklike vrag. Die sitrusbedryf bedank almal betrokke by hierdie spoedige rehabilitasie.

Alhoewel die hawe ten volle funksioneel mag wees, sal dit nog 'n rukkie duur voordat die logistieke stelsel na een of ander vorm van normaliteit terugkeer. Die houerdepots is nie die krag van die vloede gespaar nie, en sosiale media was vol foto's van houers wat op snelweë dryf, houerstapels wat op die grond ineenstort en houers wat rondom die depots gestrooi is. Die jongste assessering is dat drie van die tien houerdepots ten volle funksioneel is. Die res werk hard om weer in werking te kom. Vir sommige is dit 'n geval van water en elektrisiteit wat weer aangesluit moet word, terwyl daar vir ander langer termyn strukturele werk is wat gedoen sal moet word. Water en elektrisiteit is noodsaaklik in terme van die voorbereiding van die houers vir die uitvoer van sitrus, PPECB-inspekteurs kontroleer die netheid en integriteit van die houers voordat hulle sertifiseer dat houers vir sitrusuitvoere aangewend kan word.

Die ander bekommernis is met betrekking tot leë houers. Baie houers is beskadig, en assesserings word gedoen om te bepaal hoeveel gebruik kan word en hoeveel uit diens gestel gaan word. Die loslating van invoere is ook vertraag wat 'n impak op die beskikbaarheid van houers het, wat verder vererger word deur skepe wat die Durban hawe verby vaar. Die meeste koelkamers is nie struktureel beskadig deur die vloede nie, en ontvang steeds vrugte. Op die oomblik is daar nog kapasiteit om meer vrugte te ontvang. Die situasie sal gemonitor word om te verseker dat vrugte wat in Durban aankom, gestoor kan word. Daar is een koelkamer wat onder water was. Uitvoerders word aangeraai om met hul koelkamers te skakel alvorens hulle vrugte na Durban vervoer.

Ongelukkig is spoorinfrastruktuur erg beskadig, en op die oomblik is spoor nie 'n opsie nie. Transnet Freight Rail werk hard daaraan om die infrastruktuur te herstel, maar dit sal nog 'n rukkie neem voordat die netwerk herstel is en ten volle funksioneel is. Maydon Warf Fruit terminals en Fresh Produce Terminals funksioneer albei normaal – wat beteken dat skepe sonder enige vertraging kan laai en vertrek.

Op Donderdagmiddag het meer as 200 afgevaardigdes by 'n virtuele vergadering aangesluit wat al hierdie faktore bespreek het - dankie aan almal wat deelgeneem het, en aan daardie vennote in die voorsieningsketting wat insigte en opdaterings verskaf het. 'n Opvolgvergadering sal op Donderdag 28 April om 15h00 gehou word. As jy 'n opname van gister se vergadering wil hê, of 'n skakel na volgende Donderdag se vergadering, kontak asseblief vir Mitchell Brooke - mitchell@cga.co.za

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'***